Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES
20 JAAR

# PROSPEKTUS 2024

## vir studie in 2025

**Hier word roepingsgedrewe en doelgerigte studente vanuit 'n Christelik-Reformatoriese perspektief opgelei.**

www.aros.ac.za info@aros.ac.za 012 332 3227

# INHOUDSOPGAWE

**Algemene inligting ....................................................................4**
Hoekom Aros en die onderwys?....................................................4
Taalbeleid ......................................................................................4
Onderwyspraktyk...........................................................................4
Waar kan ek aansoek vir werk doen? ..........................................5
Beurse en lenings .........................................................................5
Kampusbesoeke............................................................................6
Studentelewe.................................................................................7
Studentesake.................................................................................7
Toelatingsvereistes ........................................................................8

**Toelatingsvereistes vir 2025 .......................................................11**

**Hoe doen ek aansoek?..................................................................13**
Wat beteken akkreditasie en registrasie vir jou? ........................13
Word 'n Aros-kwalifikasie internasionaal erken? .........................14

**BEd in Grondslagfase ...................................................................16**
Toelatingsvereistes .......................................................................16
Modus van aanbieding .................................................................17
Kurrikuluminligting .......................................................................17
Beraamde koste vir 2025..............................................................17

**BEd in Intermediêre Fase .............................................................19**
Opedag 2024.................................................................................19
Spesialiseringsrigtings...................................................................19
Toelatingsvereistes .......................................................................20
Modus van aanbieding .................................................................20
Kurrikuluminligting .......................................................................21
Beraamde koste vir 2025 (vir alle spesialiseringsrigtings)...........21

**BEd in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding ................ 23**
Toelatingsvereistes ................ 24
Modus van aanbieding ................ 25
Kurrikuluminligting ................ 26
Beraamde koste vir 2025 (vir alle spesialiseringsrigtings) ................ 27

**Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS) ................ 29**
Toelatingsvereistes ................ 29
Kurrikuluminligting ................ 34
Modus van aanbieding ................ 34
Beraamde koste vir 2025 (vir alle NGOS-spesialiseringsrigtings) ................ 34

**Hoër Sertifikaat in Onderwys ................ 36**
Toelatingsvereistes ................ 36
Modus van aanbieding ................ 36
Kurrikuluminligting ................ 37
Beraamde koste vir 2025 ................ 37
Deurgangsroete na BEd-studie by Aros ................ 37
Inligting rakende Universities South Africa (USAf) ................ 38

**BEdHons in Leerondersteuning ................ 40**
Toelatingsvereistes ................ 40
Modus van aanbieding ................ 41
Kurrikuluminligting ................ 41
Beraamde koste vir 2025 ................ 41

**BEdHons in Onderwysbestuur en -leierskap ................ 42**
Toelatingsvereistes ................ 43
Modus van aanbieding ................ 44
Kurrikuluminligting ................ 44
Beraamde koste vir 2025 ................ 44

## Hoekom Aros en die onderwys?

Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is daarvan oortuig dat dit vir die land in sy geheel maar ook vir die onderwysberoep in die besonder tot groot voordeel sal wees indien onderwysers die taak wat hulle verrig as ’n roeping sien. Om in hierdie doel te slaag, moet studente gelei word om God se koningskap in alle aspekte van die onderwys eerste te stel. Aros poog met hierdie opleiding om ’n bydrae tot die uitbouing van Christelike onderwys en die reformasie van Suid-Afrika te lewer.

Die groot tekort aan onderwysers wat tans heers, bied die ideale geleentheid om gelowige en kundige onderwysers op te lei ten einde ‘n hoë onderrigstandaard te verseker. Christenonderwysers kan ‘n wesenlike invloed op Suid-Afrikaners hê en só die gemeenskap dien.

By Aros word studente begelei om die onderwysberoep ten eerste as roeping van die Here te aanvaar en ervaar. Wanneer onderwys as ’n roeping gesien word, gee dit sin en betekenis aan die onderwysberoep. Studente wat by Aros studeer het, beskik oor beroepsgerigte opleiding. Hiertydens word daar ook op die ontwikkeling van Christelike waardes in die klaskamer gefokus. Aros-studente is hoog in aanvraag by Afrikaanse en Engelse privaat en openbare skole, ‘n verskeidenheid van ander opvoedkundige instellings en ook op internasionale vlak.

## Taalbeleid

By Aros is Afrikaans die ankertaal, wat beteken dat onderrig in Afrikaans plaasvind, ander werksaamhede in Afrikaans geskied en navorsing in Afrikaans aangemoedig word.

## Onderwyspraktyk

Onderwyspraktyk is die praktiese gedeelte van die kwalifikasie waartydens studente gedurende ‘n vasgestelde periode praktiese ervaring by skole opdoen. Die student word deur Aros-personeel by die skool gemonitor en geassesseer. Aros het ‘n lys van goedgekeurde skole wat aan

die vereistes vir praktiese onderwys, volgens die riglyne van die regulatoriese liggame, voldoen. Studente mag skole voorstel wat nie op die lys is nie. Aros sal dan bepaal of die skole aan die riglyne van die regulatoriese liggame voldoen. Studente word in samewerking met Aros vir die praktieseonderwysperiode by ‘n skool geplaas.

Studente kan by skole aansoek om ‘n betrekking doen en daarna as ‘n onderwysassistent aangestel word. Die kontrak word tussen die student en skool aangegaan, en Aros het min of geen insae in die eise wat die skool aan die student stel nie. Studente wat voltyds by skole betrokke is, word aangeraai om hul studie oor ’n langer periode te versprei. Dit is egter nie ’n vereiste dat studente by ’n skool werksaam is nie. Studente in ander beroepe of wat voltyds slegs op hul studie wil fokus, word ook verwelkom.

## Waar kan ek aansoek vir werk doen?

Verskeie buite-instansies plaas poste op Aros se webblad: www.aros.ac.za.

## Beurse en lenings

Beurse en lenings is beskikbaar by die volgende instansies, en studente kan self met hierdie instansies kontak maak. Die instansies wat studente kan kontak, is:

- Helpende Hand se studiefondssentrum (https://hh-studietrust.co.za/)
- FEDSAS (Tel: 066 477 6480, admin4@fedsas.org.za, www.fedsas.org.za)
- Atterbury Trust (https://atterburytrust.org/inligting2/)
- Noordelike Helpmekaar Studiefonds (Tel: 011 782 9160, www.noordelikehelpmekaarstudiefonds.org)
- Rapport Onderwysfonds (https://rof.org.za/)
- Afrikaanse Toekomstrust (https://afrikaansetoekomstrust.org/)
- Capitec Education Finance (Tel: 021 330 5510, info@capiteceducationfinance.co.za, https://capiteceducationfinance.co.za/)

Aros bied verskeie merietebeurse aan Aros-studente wat aan die vereistes voldoen:

- akademiese meriete (nuwelingeerstejaars)
- senior akademiese meriete (tweede- tot vierdejaars)

- leierskap, sport, kuns en kultuur
- redenaarskompetisies of olimpiades
- sport (prestasie op internasionale of nasionale vlak)
- fisiese gestremdheid
- wees- en pleegkinders
- meer as een Aros-student van dieselfde gesin

Vir verdere navrae hieroor kan Aros se finansiële afdeling gekontak word: rekeninge@aros.ac.za, of besoek gerus die webtuiste vir meer inligting: https://www.aros.ac.za/WebItem/Detail/327.

## Kampusbesoeke

Kampusbesoeke vind slegs per afspraak gedurende die week (08:30–15:30) plaas – bespreek jou plek by: hallo@aros.ac.za of telefonies by (012) 332 3227.

Ons vriendelike en bekwame bemarkers sal jou van hulp wees, en dit is ook hulle wat jou sal vertel dat dit 'n fees is om 'n Arrie te wees!

**Navrae, webblad en telefoniese navrae**

hallo@aros.ac.za    www.aros.ac.za    012 332 3227

**WIL JY MEER WEET?**
Wil jy graag meer inligting hê of met een van ons bekwame bemarkers gesels?
Skandeer hier, vul die vorm in en ons kom terug na jou toe!

## Studentelewe

Aros het ‘n eiesoortige studentelewe aangesien ons ‘n gekombineerde model gebruik. Aros wil graag aan studente die geleentheid bied om vervulling en geluk tydens hul studentejare te beleef. Elke student moet aan die einde van sy of haar studie kan sê: “Dit is ‘n fees om ‘n Arrie te wees!”

## Studentesake

Aros se Studentesake-departement het ten doel om studente met hul ontwikkelingsproses te help. Dit sluit die ontwikkeling van studente op ‘n geestelike, emosionele, akademiese en sosiale vlak in.

**Die berader:**
Die pastorale berader ondersteun studente geestelik en emosioneel om studente sodoende vir die uitdagings van studentelewe toe te rus.

**Die studenteondersteuningskoördineerder:**
Die studenteondersteuningskoördineerder is betrokke by die ondersteuning, begeleiding en ontwikkeling van studente op ‘n akademiese, emosionele en geestelike vlak. Studente word nie net vir die klaskamer toegerus nie, maar ook vir die wêreld buite die klaskamer. Die studenteondersteuningskoördineerder bied elke semester studiewerkswinkels aan wat op die verbetering en ontwikkeling van studente fokus. Temas sluit onder andere stres- en angshantering, eksamenvoorbereiding, en nog vele meer in. Hulpverlening aan studente met hindernisse word ook deur die studente-ondersteuningskoördineerder hanteer.

**Studentesake-afdelingshoof:**
Die afdelingshoof is betrokke by die beplanning en bestuur van die departement in samewerking met die res van die span. Die afdelingshoof is dan ook die kontakpersoon wat alle kommunikasie met die Aros-studenteraad en Aros-huiskomiteelede hanteer. Hulle skep saam ‘n lekker en positiewe kampuslewe by Aros.

Dienste wat Studentesake lewer, is die volgende:

- studentelewe
- akademiese steun
- berading
- portuurgroepondersteuning (klasverteenwoordigers)
- werkwinkels

## Toelatingsvereistes

Toelating op grond van die Senior Sertifikaat (SS) of Nasionale Senior Sertifikaat (NSS):

Ten einde vir toelating te kwalifiseer, moet ‘n persoon oor ‘n Senior Sertifikaat (voor 2008) of ‘n Nasionale Senior Sertifikaat (vanaf 2008) beskik en aan die spesifieke vereistes van die kurrikulum voldoen. Die verpligte toelatingspunt en ander addisionele vereistes van elke kurrikulum word by die onderskeie kurrikulumuiteensettings uiteengesit.

**Toelating op grond van ouderdom:**

- ‘n Persoon ouer as 45 jaar kan aansoek vir toelating onderhewig aan die diskresie van die Senaat doen. Die volgende dokumente moet jou aansoek vergesel:
- ‘n volledige CV
- ‘n getuigskrif vanaf jou werkgewer of predikant

**Toelating op grond van naskoolse kwalifikasies vir die BEd-kurrikulums:**

‘n Persoon wat nie goedkeuring vir graadstudie ontvang het nie maar oor ‘n Senior Sertifikaat (SS) of Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en ‘n toepaslike naskoolse kwalifikasie beskik, moet by Universities South Africa (USAf) vir moontlike universiteitstoelating aansoek doen.

**Toelating op grond van kwalifikasie anders as die Senior Sertifikaat of Nasionale Senior Sertifikaat:**

- ‘n Persoon kan op grond van kwalifikasies wat buite Suid-Afrika verwerf is vir die Hoër Sertifikaat in Onderwys of vir graadstudie in aanmerking kom.
- Die student moet tydens die aansoekproses ‘n SAKO- (SAQA) evaluasiesertifikaat aanvra.
- Die Toelatingskomitee sal dan oor die toelating besin. Stuur jou kwalifikasies na aansoeke@aros.ac.za vir terugvoer.

**Toelating op grond van erkenning van vorige leer (EVL):**

Erkenning van vorige leer (EVL) dien as ‘n alternatiewe toelatingsroete tot die instelling of ‘n wyse waarop modulevrystelling kan geskied. Erkenning van vorige leer is daarop gemik om ‘n student se vorige informele leerervarings met die uitkomste van ‘n formele kwalifikasie te vergelyk waarvoor die student ingeskryf is of beplan om voor in te skryf.

Bewyse van vorige leer moet gevolglik direk met die program in verband gebring word, asook die module-uitkomste van die formele kwalifikasie waarvoor daar aansoek gedoen word.

Die EVL-prosedure kan volgens die oordeel van Aros voldoening aan een of meer van die volgende vereistes insluit:

- bepaalde resultate in ‘n stel toetse;
- voorlegging van bewys van vaardighede waarop aanspraak gemaak word; geslaagde onderhoude; en/of
- die bereiking van bepaalde uitkomste in ‘n goedgekeurde kurrikulum by Aros.

Dit is belangrik om kennis te neem dat slegs 10% van 'n kohort studente per program deur middel van EVL toegelaat mag word tot die instelling.

Daar is ‘n koste aan ‘n aansoek om EVL verbonde, soos in die Betaalbare gelde en finansiële reëls van die instelling vasgestel.

Vir enige navrae oor EVL kan ‘n e-pos aan die registrateur by chantal.snyman@aros.ac.za gestuur word.

**Modulevrystelling:**
Geen krediete word tydens modulevrystelling toegeken nie.

**Toelating op grond van kredietakkumulasie en -oordrag (KAO):**
Dit geskied wanneer ‘n student ‘n module by ‘n ander tersiêre instansie geslaag het en die krediete vir hierdie module na ‘n soortgelyke module op dieselfde NKR-vlak by Aros oorgedra word. Die student hoef nie hierdie module by Aros te herhaal nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat kredietakkumulasie en -oordrag (KAO) slegs op hoogstens 50% van die modules toegepas kan word wat vir die betrokke kurrikulum by Aros vereis word.

Vir enige navrae oor KAO kan ‘n e-pos aan Akademiese Administrasie by admin@aros.ac.za gestuur word.

**Bykomende vereistes**

- Die voornemende student moet van voorneme wees om ’n Reformatories-lewensbeskoulike studie te volg. Studente moet kennis dra dat Aros ‘n Christelik-Reformatoriese karakter het en dat leer en onderrig vanuit hierdie perspektief gegee word.
- Studente moet rekenaarvaardig wees in die gebruik van Microsoft Office en die gebruik van die internet. Toegang tot ’n rekenaar met ‘n werkende mikrofoon en kamera en 'n bestendige internet konneksie (10Mbps of beter) is verpligtend aangesien elektroniese kommunikasie 'n belangrike deel van onderrig vorm. Die minimumrekenaarvereistes is soos volg:
  - 'n i3-rekenaar
  - 4GB RAM
  - 320–500GB HDD
  - Windows 10 (weergawe 17763.0 en hoër) of Windows 11 en Office 2019/2021 of Office 365

  Die aanbevole rekenaarvereistes is soos volg:
  - 'n i5-rekenaar
  - 8GB RAM
  - 500GB SDD
  - Windows 11 en Office 2019/2021 of Office 365

# TOELATINGSVEREISTES VIR 2025

Die toelatingspunt vir ‘n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) word soos volg bereken:

- Die prestasie wat in sewe vakke behaal is, word gebruik om die toelatingspunt te bereken.
- Goedkeuring vir graadstudie word verleen wanneer ʼn NSS geëndosseer is met die inskrywing dat die persoon aan die minimumvereistes vir toelating tot graadstudie aan ʼn tersiêre instelling voldoen. ‘n Persoon verkry goedkeuring vir graadstudie vanaf 2018 indien 50% in minstens vier vakke behaal is (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Toelating tot Aros word bepaal deur van ‘n formule gebruik te maak. Die persentasie wat in elke vak behaal is, word gebruik, en op grond van die spesifieke formule word ‘n punt per vak bereken. Die toelatingspunt is die totaal van al sewe vakke en bepaal verder vir watter kurrikulums toelating verkry kan word. Die onderstaande tabel dui die formule aan wat gebruik word ten einde die toelatingspunt te bepaal. Sien die kurrikulumspesifieke vereiste by elke kurrikulum.

**Tabel met punte**

| Groep 1 | Groep 2 |
|---|---|
| Formule: Persentasie behaal X2 Bv. 60% = 120 punte | Formule: Persentasie behaal X1 Bv. 60% = 60 punte |
| • Besigheidstudie<br>• Dramatiese Kunste<br>• Ekonomie<br>• Fisiese Wetenskappe<br>• Geografie<br>• Geskiedenis<br>• Ingenieursgrafika en -ontwerp<br>• Inligtingstegnologie<br>• Landbouwetenskappe<br>• Lewenswetenskappe<br>• Musiek<br>• Rekeningkunde<br>• Religiestudie<br>• Tale (‘n Derde taal mag vir toelating bygevoeg word.)<br>• Verbruikerstudie<br>• Visuele Kunste<br>• Wiskunde | • Dansstudie<br>• Elektriese Tegnologie<br>• Gasvryheidstudie<br>• Landboubestuurspraktyk<br>• Landboutegnologie<br>• Lewensoriëntering<br>• Meganiese Tegnologie<br>• Ontwerp<br>• Rekenaartoepassings-tegnologie<br>• Siviele Tegnologie<br>• Tale (nie-amptelike tale)<br>• Toerisme<br>• Tegniese Wetenskappe<br>• Tegniese Wiskunde<br>• Wiskundige Geletterdheid<br>• Enige ander vak wat nie in groep 1 en 2 genoem is nie. |

# HOE DOEN EK AANSOEK?

Aros se aansoeke vind slegs aanlyn plaas by www.aros.ac.za.

Belangrike datums met die oog op aansoeke vir studie in 2025:

- Aansoeke open op 2 April 2024.
- Aansoeke sluit op 31 Oktober 2024 vir die Hoër Sertifikaat, BEd en NGOS-studie.
- Aansoeke vir die Honneurs in Leerondersteuning sluit 30 Augustus en aansoeke vir die Honneurs in Onderwysbestuur en -leierskap sluit 15 Oktober 2024.

Neem asseblief kennis van die aansoekdatums vir **honneursstudie** onder die onderskeie honneurs-kwalifikasies. Let asseblief daarop dat die honneursprogram onderhewig aan ‘n kapasiteitsbeperking is. Voorkeur word aan aansoekers met uitnemende akademiese prestasie gegee.

Neem kennis dat Aros die reg voorbehou om nie die spesifieke program aan te bied nie indien die verwagte aantal minimumaansoeke vir ‘n spesifieke program nie ontvang is nie.

Die volgende dokumente moet by jou aansoek ingesluit wees:

- ‘n gesertifiseerde afskrif van jou **identiteitsdokument (ID)**
- ’n gesertifiseerde afskrif van jou **huweliksertifikaat** (indien getroud)
- ’n gesertifiseerde afskrif van die **matriekuitslae** OF die **graad 11- finale rapport** indien jy in graad 12 is
- Vir NGOS- en honneursaansoeke word ‘n gesertifiseerde afskrif van jou **akademiese rekord(s) en graadsertifikaat** benodig.
- **’n bewys van betaling** van die aansoekgeld: R250,00
- ’n Voornemende student sal ná afloop van die aansoekproses ‘n e-pos ontvang.

- Op die e-pos is daar ‘n **finansiële ooreenkoms** wat afgelaai en onderteken moet word.
- Vir BEd Hons in Onderwysbestuur en -leierskap moet bewys verskaf word van 'n gestempelde briefhoof van die betrokke skool/skole waarin ervaring opgedoen is.

**Neem kennis dat slegs volledige aansoeke verwerk sal word.**

## Wat beteken akkreditasie en registrasie vir jou?

Dit beteken dat Aros ‘n BEd in Grondslagfase, ‘n BEd in Intermediêre Fase, ‘n BEd in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding asook ‘n Nagraadse Onderwyssertifikaat, ‘n BEdHons in Leerondersteuning en BEd in Onderwysbestuur en -leierskap kan aanbied. Nadat een van hierdie kwalifikasies voltooi is, kan Aros dus ‘n graad of sertifikaat uitreik. Enige van hierdie kwalifikasies bemagtig jou om onderwys by ‘n openbare en/of privaat skool in die taal van jou keuse te gee. Aros is een van enkele privaat instellings in Suid-Afrika wat dit mag doen.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Hoër Sertifikaat in Onderwys nie ‘n volwaardige onderwyskwalifikasie is nie en as ‘n oorbrugging tot graadstudie dien.

## Word ‘n Aros-kwalifikasie internasionaal erken?

As ‘n hoëronderwysinstelling werk Aros se akkreditasie- en registrasieproses op presies dieselfde wyse as enige ander hoëronderwysinstelling in Suid-Afrika. Dieselfde owerheidsliggame keur al hierdie instellings se kwalifikasies goed en verleen aan die instellings, hetsy publiek of privaat, goedkeuring om die kwalifikasies aan te bied. Die kwalifikasies by Aros is dus nie minder of meer kredietwaardig as ‘n ander instelling se kwalifikasies nie. Indien ‘n student oorsee wil gaan werk, moet hy/sy by die spesifieke land se ambassade oor die addisionele vereistes navraag doen, sou die student oor ‘n Suid-Afrikaanse kwalifikasie beskik.

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

20 JAAR

# BEd in Grondslagfase

# GRAAD R-3

www.aros.ac.za • 012 333 3227 • info@aros.ac.za

# BED IN GRONDSLAGFASE

Die Grondslagfase strek van graad 0 tot graad 3. Hier word daar aan die kind se etiese, sosiale en fundamentele grondslag as onderwyser gebou. Om in hierdie fase te onderrig, moet jy ‘n liefde hê om met jong kinders te werk en dit geniet om deur middel van ‘n praktiese aanslag te onderrig. Die onderwyser moet selfs in hierdie fase ‘n kenner in die taal-, syfer- en lewensvaardighede-leefareas wees. Geduld, kreatiwiteit en empatie is tipiese kenmerke van ‘n Grondslagfase-onderwyser.

## Toelatingsvereistes

| Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) | Senior Sertifikaat (SS): Voor 2008 gematrikuleer |
|---|---|
| • 600 Aros-toelatingspunte (Die berekening van die toelatingspunt word op bladsy 12 uiteengesit.)<br>• 50% vir Afrikaans Huistaal / Afrikaanse Eerste Addisionele Taal<br>50% vir Engels Huistaal / Engels Eerste Addisionele Taal<br>• Universiteitstoelating | • Universiteitstoelating<br>• Indien ‘n voornemende student nie universiteitstoe-lating ontvang het nie, is ‘n taal op HG ‘n vereiste en nie minder nie as vier E’s op HG of SG (nie LG nie). Aros doen aansoek vir die student by USAf vir voorwaardelike toelating tot graadstudie. |

## Modus van aanbieding

- Die modus van aanbieding is afstandsonderrig, met addisionele ondersteuning aan studente deur middel van interaktiewe aanlyn sessies, werkwinkels of ekstra klasse.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Toetse en eksamens word deur die loop van die dag en vroegaand vanaf ‘n Maandag tot Saterdag aanlyn afgelê. Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.
- Praktiese onderwys: Daar word van studente verwag om vir bepaalde tye praktiese ondervinding by skole op te doen. Aros plaas

die studente vir die praktieseonderwysperiode by ŉ skool. Dit geld vir gevalle waar die student nie alreeds by ŉ skool betrokke is nie.

- Eerstejaarstudente begin met praktiese onderwys in die derde skoolkwartaal.
- Tweedejaarstudente voltooi twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk. Die tydperke word tydens die tweede en derde skoolkwartaal in ‘n graad R-klas voltooi.
- Tydens die eerste en derde skoolkwartaal voltooi derdejaarstudente drie aaneenlopende weke elk in graad 2- of 3-klasse.
- Vierdejaarstudente voltooi drie aaneenlopende tydperke van drie weke elk. Wanneer die skool in die eerste kwartaal begin, vind die eerste drie weke in ‘n graad 1-klaskamer plaas.

## Taal van leer en onderrig

Jy kan ook Engels as taal van leer en onderrig op jou graadsertifikaat ontvang, indien jy aan die vereistes van die betrokke kurrikulum se taalendossement voldoen. Meer inligting is beskikbaar in die Jaarboek op Aros se webtuiste.

## Kurrikuluminligting

- NKR-vlak 7: 504 krediete
- Aantal modules per jaar: ± vyf modules per kwartaal
- Tydsduur: vier jaar

## Beraamde koste vir 2025

- Aansoekgeld: R250,00
- Registrasie: R3 500,00 (Die eerste deposito is in Januarie 2025 betaalbaar.)
- Klasgeld: **± R47 040** (Die eerste deposito is ingesluit.)
- Handboeke: **± R7 000,00**

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

20 JAAR

# BEd in Intermediêre Fase

# GRAAD 4-7

www.aros.ac.za • 012 333 3227 • info@aros.ac.za

# BED IN INTERMEDIÊRE FASE

Hierdie fase strek van graad 4 tot 6, maar sluit ook graad 7 in. In hierdie fase is die wyse waarop akademiese vaardighede bevorder word meer gespesialiseerd. Die kennis waaraan leerders blootgestel word, word duidelik in hierdie fase omskryf. Leerdissiplines in hierdie fase sluit tale, wiskunde, natuurwetenskappe en tegnologie, sosiale wetenskappe en lewensvaardighede in. Die onderwyser moet akademiese vaardighede se basiese beginsels in hierdie fase ontwikkel, daarom is die vakkennis van opvoedkundiges in die Intermediêre Fase meer uitgebreid. Onderwysstudente in die Intermediêre Fase spesialiseer in die onderrig van twee tale, asook twee ander vakke (Wiskunde en Natuurwetenskappe of Sosiale Wetenskappe en Lewensvaardighede). Die behoefte aan onderwysers in hierdie fase is geweldig groot.

## Spesialiseringsrigtings

- Wiskunde en Natuurwetenskappe
- Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe
- Neem kennis dat jy met beide hierdie kurrikulums ook Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal kan onderrig.

## Toelatingsvereistes

| Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) | Senior Sertifikaat (SS): Voor 2008 gematrikuleer |
|---|---|
| • 600 Aros-toelatingspunte (Die berekening van die toelatingspunt word op bladsy 12 uiteengesit.)<br>• 50% vir Afrikaans Huistaal / Afrikaanse Eerste Addisionele Taal<br>50% vir Engels Huistaal / Engels Eerste Addisionele Taal<br>• Universiteitstoelating<br>• Studente wat die kurrikulum vir Wiskunde en Natuurwetenskappe wil volg, moes 50% in Wiskunde behaal het. Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe of Geografie word aanbeveel. Studente met Wiskundige Geletterdheid kwalifiseer nie vir hierdie rigting nie. | • Universiteitstoelating<br>• Indien ‘n voornemende student nie universiteitstoelating ontvang het nie, is ‘n taal op HG ‘n vereiste en nie minder nie as vier E’s op HG of SG (nie LG nie). Aros doen aansoek vir die student by USAf vir voorwaardelike toelating tot graadstudie.<br>• Studente wat die kurrikulum vir Wiskunde en Natuurwetenskappe wil volg, moes ‘n E-simbool in Wiskunde SG behaal het. |

## Modus van aanbieding

- Die modus van aanbieding is afstandsonderrig, met addisionele ondersteuning aan studente deur middel van interaktiewe aanlyn sessies, werkwinkels of ekstra klasse.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Toetse en eksamens word deur die loop van die dag en vroegaand vanaf ‘n Maandag tot ‘n Saterdag aanlyn afgelê. Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.
- Praktiese onderwys: Daar word van studente verwag om vir bepaalde tye voorgeskrewe praktiese onderwys by laerskole in die Intermediêre Fase te voltooi. Aros plaas die studente vir die praktieseonderwys-tydperk by ’n skool. Dit geld vir gevalle waar die student nie alreeds by ’n laerskool betrokke is nie.

- Eerstejaarstudente begin met praktiese onderwys in die derde skoolkwartaal deur een tydperk van drie aaneenlopende weke te voltooi.
- Tydens die tweede en derde skoolkwartaal voltooi tweedejaarstudente twee tydperke van drie aaneenlopende weke elk.
- Tydens die tweede en derde skoolkwartaal voltooi derdejaarstudente twee tydperke van drie aaneenlopende weke elk.
- Tydens die tweede en derde skoolkwartaal voltooi vierdejaarstudente twee tydperke van drie aaneenlopende weke elk.

## Taal van leer en onderrig

Jy kan ook Engels as taal van leer en onderrig op jou graadsertifikaat ontvang, indien jy aan die vereistes van die betrokke kurrikulum se taalendossement voldoen. Meer inligting is beskikbaar in die Jaarboek op Aros se webtuiste.

## Kurrikuluminligting

**Wiskunde en Natuurwetenskappe**

- NKR-vlak 7: 504 krediete
- Aantal modules per jaar: ± vyf modules per kwartaal
- Tydsduur: vier jaar

**Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe**

- NKR-vlak 7: 504 krediete
- Aantal modules per jaar: ± vyf modules per kwartaal
- Tydsduur: vier jaar

## Beraamde koste vir 2025 (vir alle spesialiseringsrigtings)

- Aansoekgeld: R250,00
- Registrasie: R3 500,00 (Die eerste deposito is in Januarie 2025 betaalbaar.)
- Klasgeld: **± R47 040** (Die eerste deposito is ingesluit.)
- Handboeke: **± R7 000,00**

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

20 JAAR

# BEd in SF & VOO

# GRAAD 7-12

www.aros.ac.za • 012 333 3227 • info@aros.ac.za

# BED SENIOR FASE EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING

Hierdie fase strek van graad 7 tot 12. Die onderwyser in hierdie fase is dus ‘n vakspesialis wat leerders vir hul loopbaan voorberei. Daar word op die integrasie van rou vakkennis gefokus, asook die oordrag van hierdie kennis aan graad 7-12-leerders. Onderwysers in hierdie fase moet gemaklik met verandering en vakaanbieding wees wat meer akademies en tegnies van aard is. Voorbereiding en genoegsame ondersteuning vir die leerder is noodsaaklik.

**Daar is vier spesialiseringsrigtings wat Aros aanbied:**

1. Tale (Afrikaans Huistaal en Engels EAT)
2. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
3. Natuurwetenskappe: Wiskunde en Lewenswetenskappe OF Wiskundige Geletterdheid en Lewenswetenskappe
4. Verbruikerswetenskappe: Verbruikerstudie en Besigheidstudie OF Verbruikerstudie en Rekeningkunde

## Toelatingsvereistes

| Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) | Senior Sertifikaat (SS): Voor 2008 gematrikuleer |
| --- | --- |
| • 600 Aros-toelatingspunte (Die berekening van die toelatingspunt word op bladsy 12 uiteengesit.)<br>• Universiteitstoelating<br>• 50% vir Afrikaans Huistaal / Afrikaans Eerste Addisionele Taal<br>50% vir Engels Huistaal / Engels Eerste Addisionele Taal<br>• Studente wat die Tale-kurrikulum wil volg, moes 60% in Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal behaal het.<br>• Daar word aanbeveel dat studente wat die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-kurrikulum wil neem Rekeningkunde en Besigheidstudie/Ekonomie tot op matriekvlak geslaag het.<br>• Daar word aanbeveel dat studente wat die Natuurwetenskappe-kurrikulum wil neem Lewenswetenskappe tot op matriekvlak geslaag het. Studente wat die Natuurwetenskappe: Wiskunde en Lewenswetenskappe-kurrikulum wil volg, moes vir Wiskunde 50% behaal het. | • Universiteitstoelating<br>• Studente wat die Natuurwetenskappe-kurrikulum: Wiskunde en Lewenswetenskappe wil volg, moes vir Wiskunde SG ‘n D-simbool behaal het.<br>• Indien ‘n voornemende student nie universiteitstoelating ontvang het nie, is ‘n taal op HG ‘n vereiste en nie minder nie as vier E’s op HG of SG (nie LG nie). Aros doen aansoek vir die student by USAf vir voorwaardelike toelating tot graadstudie.<br>• Studente wat die Tale-kurrikulum wil volg, moes vir Afrikaans en Engels HG ‘n C-simbool behaal het.<br>Studente wat die Verbruikerswetenskappe-kurrikulums wil volg, moes vir Huishoudkunde SG ‘n E-simbool behaal het. |

| **Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)** (vervolg) | **Senior Sertifikaat (SS): Voor 2008 gematrikuleer** |
| --- | --- |
| • Studente wat Natuurwetenskappe: Wiskundige Geletterdheid en Lewenswetenskappe wil neem, moes Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid op matriekvlak geslaag het.<br>• Studente wat die Verbruikerswetenskappe- kurrikulum wil volg, moes 40% in Verbruikerstudie OF 40% in Gasvryheidstudie in matriek behaal het.<br>• Daar word aanbeveel dat studente wat Verbruikerswetenskappe: Verbruikerstudie of Rekeningkunde wil studeer Rekeningkunde op matriekvlak geneem het. | |

## Modus van aanbieding

- Die modus van aanbieding is afstandsonderrig, met addisionele ondersteuning aan studente deur middel van interaktiewe aanlyn sessies, werkwinkels of ekstra klasse.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Toetse en eksamens word deur die loop van die dag en vroegaand vanaf ‘n Maandag tot ‘n Saterdag aanlyn afgelê. Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.
- Praktiese onderwys: Daar word van studente verwag om vir bepaalde tye praktiese ondervinding by skole op te doen. Studente word vir die praktieseonderwysperiode deur Aros by ŉ hoërskool geplaas. Dit geld vir gevalle waar die student nie alreeds by ŉ skool betrokke is nie.
  - Eerstejaarstudente begin met praktiese onderwys in die derde skoolkwartaal vir ‘n aaneenlopende tydperk van drie weke.

    - Tweedejaarstudente voltooi twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk.
    - Derdejaarstudente voltooi twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk.
    - Vierdejaarstudente voltooi drie aaneenlopende tydperke van drie weke elk. Die eerste drie weke vind plaas met die aanvang van die skooljaar in die eerste kwartaal.
- Praktiese tydperke op die Aros-kampus: Verbruikerswetenskappe
    - Jaar 2: drie dae aaneenlopend (Donderdag, Vrydag en Saterdag)
    - Jaar 3: drie dae aaneenlopend (Donderdag, Vrydag en Saterdag)
    - Jaar 4: drie dae aaneenlopend (Donderdag, Vrydag en Saterdag)

*(Die student is verantwoordelik om self verblyf vir die verpligte praktiese tydperke te reël, en die totale reis- en verblyfonkoste is vir die student se eie rekening.)*

## Taal van leer en onderrig

Jy kan ook Engels as taal van leer en onderrig op jou graadsertifikaat ontvang, indien jy aan die vereistes van die betrokke kurrikulum se taalendossement voldoen. Meer inligting is beskikbaar in die Jaarboek op Aros se webtuiste.

## Kurrikuluminligting

**Tale**

- NKR-vlak 7: 504 krediete
- Aantal modules per jaar: ± twee tot drie modules per kwartaal
- Tydsduur: vier jaar

**Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

- NKR-vlak 7: 504 krediete
- Aantal modules per jaar: ± twee tot drie modules per kwartaal
- Tydsduur: vier jaar

**Natuurwetenskappe**

- NKR-vlak 7: 504 krediete
- Aantal modules per jaar: ± twee tot drie modules per kwartaal
- Tydsduur: vier jaar

**Verbruikerswetenskappe**

- NKR-vlak 7: 504 krediete

- Aantal modules per jaar: ± twee tot drie modules per kwartaal
- Tydsduur: vier jaar

## Beraamde koste vir 2025 (vir alle spesialiseringsrigtings)

- Aansoekgeld: R250,00
- Registrasie: R3 500,00 (Die eerste deposito is in Januarie 2025 betaalbaar.)
- Klasgeld: **± R42 690** (Die eerste deposito is ingesluit.)
- Handboeke: **± R7 000,00**

# Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

20 JAAR

Nagraadse Onderwyssertifikaat

# GRAAD 7-12

www.aros.ac.za • 012 333 3227 • info@aros.ac.za

# NGOS (NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT)

Beskik jy oor ‘n graad, en wil jy graag jou roeping as onderwyser uitleef? Die Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS) is ‘n nagraadse onderwyssertifikaat wat jou voorberei om vakkennis in jou vakgebied aan hoërskoolleerders oor te dra. Aros bied vier NGOS-spesialiseringsrigtings aan, naamlik Tale, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Natuurwetenskappe en Verbruikerswetenskappe aan. As jy ‘n passie vir die onderwys het, is hierdie rigting net vir jou!

## Toelatingsvereistes

Voornemende studente moet in besit wees van ‘n toepaslike 360 krediete NKR-vlak 6-diploma of ‘n 360 krediete NKR-vlak 7-baccalaureusgraad. Hier moet studente se vakkombinasies van so ‘n aard wees dat hulle twee onderrigmetodologieë kan aanbied, naamlik een Senior Fase-vak en een Verdere Onderwys en Opleidingsvak.

Toelatingsvereistes vir NGOS (in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding) behels:

- ’n toepaslike kwalifikasie vir een van die vier spesialiseringsrigtings
- ’n Senior Fase-spesialisering (toepaslike vakke op tweedejaarsvlak)
- ’n Verdere Onderwys en Opleidingspesialisering (‘n toepaslike hoofvak wat ten minste op tweedejaarsvlak op NKR-vlak 7 voltooi is): Indien Tale as spesialiseringsrigting in die Verdere Onderwys en Opleidingsfase (VOO-fase) gekies word, is die voorvereiste dat die vak tot op derdejaarsvlak (NKR-vlak 7) geslaag is.

Aros bied die volgende NGOS-rigtings aan:

| TALE | |
|---|---|
| **Spesialiseringsrigtings** | **Voorvereistes om toelating** |
| Afrikaans Huistaal (VOO en SF) | VOO<br>en SF: Afrikaans 3 |
| Engels Eerste Addisionele Taal (VOO en SF) | VOO<br>en SF: Engels 3 |
| Afrikaans Huistaal (VOO) en Engels Eerste Addisionele Taal (SF) | VOO: Afrikaans 3<br>SF: Engels 2 |
| Engels Eerste Addisionele Taal (VOO) en Afrikaans Huistaal (SF) | VOO: Engels 3<br>SF: Afrikaans 2 |
| **EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE** | |
| **Spesialiseringsrigtings** | **Voorvereistes om toelating** |
| Rekeningkunde (VOO) en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (SF) | VOO: Rekeningkunde 2 of Finansiële Bestuur 2 en Rekeningkunde 1<br>SF: Rekeningkunde 2 of Ekonomie 2 of Besigheidsbestuur 2 of Besigheidsadministrasie 2 |
| Besigheidstudie (VOO) en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (SF) | VOO: Besigheidsbestuur 2 of Besigheidsekonomie 2 of Besigheidsadministrasie 2 of Kleinbesigheidsbestuur 2<br>SF: Rekeningkunde 2 of Ekonomie 2 of Besigheidsbestuur 2 of Besigheidsadministrasie 2 |

| NATUURWETENSKAPPE | |
|---|---|
| **Spesialiseringsrigtings** | **Voorvereistes om toelating** |
| Fisiese Wetenskappe (VOO) en Natuurwetenskappe (SF) | VOO: Fisika 2 of Chemie 2<br>SF: Biologie 2 of<br>Botanie 2 of<br>Soölogie 2 of<br>Fisika 2 of<br>Chemie 2 of<br>Geografie 2 |
| Fisiese Wetenskappe (VOO) en Wiskunde (SF) | VOO: Fisika 2 of Chemie 2<br>SF: Wiskunde 2 of Statistiek 2 of Toegepaste Wiskunde 2 |
| Lewenswetenskappe (VOO) en Wiskunde (SF) | VOO: Botanie 2 en Soölogie 1 of Soölogie 2 en Botanie 1 of Biologie 2<br>SF: Wiskunde 2 of<br>Statistiek 2 of<br>Toegepaste Wiskunde 2 |
| Lewenswetenskappe(VOO) en Natuurwetenskappe (SF) | VOO: Botanie 2 en Soölogie 1 of Soölogie 2 en Botanie 1 of Biologie 2<br>SF: Biologie 2 of<br>Botanie 2 of<br>Soölogie 2 of<br>Fisika 2 of<br>Chemie 2 of<br>Geografie 2 |
| Wiskunde (VOO) en Natuurwetenskappe (SF) | VOO: Wiskunde 2 of<br>Statistiek 2 of<br>Toegepaste Wiskunde 2<br>SF: Biologie 2 of<br>Botanie 2 of<br>Soölogie 2 of<br>Fisika 2 of<br>Chemie 2 of<br>Geografie 2 |

| | |
|---|---|
| Wiskundige Geletterdheid (VOO) en Wiskunde (SF) | VOO en SF:<br>Wiskunde 2 of Statistiek 2 |
| Wiskunde (VOO en SF) | VOO en SF:<br>Wiskunde 2 of Statistiek 2 |
| Wiskundige Geletterdheid (VOO) en Natuurwetenskappe (SF) | VOO: Wiskunde 2 of Statistiek 2 of Toegepaste Wiskunde 2<br>SF: Biologie 2 of Botanie 2 of Soölogie 2 of Fisika 2 of Chemie 2 of Geografie 2 |

| VERBRUIKERSWETENSKAPPE | |
|---|---|
| **Spesialiseringsrigtings** | **Voorvereistes om toelating** |
| Verbruikerstudie (VOO) en Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe (SF) | VOO: Verbruikerswetenskappe-graad; of Huishoudkunde-graad; of Voeding-en-Gesinsekologie-graad<br>SF: Rekeningkunde 2 of Ekonomie 2 of Besigheidsadministrasie 2 of 'n bestuursmodule op tweedejaarsvlak |

Studente wat deeltyds vir die NGOS geregistreer is se moduleverdeling is soos volg:

| MODULEVERDELING: JAAR 1 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1** | | **Kwartaal 2** | | **Kwartaal 3** | | **Kwartaal 4** | |
| ASSE511 | 6 | BYBK511 | 8 | OPVS511 | 10 | EDTS521 | 8 |
| PREL511 | 8 | | | | | FILO521 | 8 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **Elektiewe vir die SF** | **Elektiewe vir die SF** | |
| | AFHS511 12<br>EATS511 12<br>EBWS511 12<br>NATS511 12<br>WISS511 12 | AFHS521 12<br>EATS521 12<br>EBWS521 12<br>NATS521 12<br>WISS521 12 | |
| | PRAK531 12<br>Portefeulje 1 (onderrig van 'n vak in die SF)<br>Portefeulje 2 (kritlesse in 'n vak in die SF) | PRAK531 12 | |

| MODULEVERDELING: JAAR 2 | | | |
|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1** | **Kwartaal 2** | **Kwartaal 3** | **Kwartaal 4** |
| TECE511 10 | | | LOND521 |
| | **Elektiewe vir die VOO** | **Elektiewe vir die VOO** | |
| | AFHV511 12<br>BESB511 12<br>EATV511 12<br>FWSV511 12<br>GELV511 12<br>LEWV511 12<br>REKV511 12<br>VERB511 12<br>WISV511 12 | AFHV521 12<br>BESB521 12<br>EATV521 12<br>FWSV521 12<br>GELV521 12<br>LEWV521 12<br>REKV521 12<br>VERB521 12<br>WISV521 12 | |
| | PRAK531 12<br>Portefeulje 3 (onderrig van 'n vak in die VOO)<br>Portefeulje 4 (kritlesse in 'n vak in die VOO) | PRAK531 12 | |

## Kurrikuluminligting

- NKR-vlak 7
- Aantal modules per jaar: ± twee tot drie modules per kwartaal
- Tydsduur: **voltyds** (een jaar met vergunning tot twee jaar) of deeltyds (twee jaar met vergunning tot drie jaar)

## Modus van aanbieding

- Hierdie kurrikulum word deur middel van ‘n afstandsonderrigmodel aangebied, met ‘n hoë vlak van aanlyn ondersteuning.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Toetse en eksamens word deur die loop van die dag en vroegaand vanaf ‘n Maandag tot ‘n Saterdag aanlyn afgelê. Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.
- Praktiese onderwys: Daar word van studente verwag om vir bepaalde tye praktiese ondervinding by hoërskole op te doen. Die student se keuse om die Nagraadse Onderwyssertifikaat voltyds of deeltyds te voltooi, sal die praktiese tydperke bepaal. Om aan die vereistes te voldoen, moet die student altesaam agt weke van praktiese onderwys by ‘n hoërskool voltooi. Daar word aanbeveel dat ten minste vier van die agt weke praktiese onderwys aaneenlopend voltooi word, met ’n minimumvereiste van twee weke aaneenlopend.

## Beraamde koste vir 2025 (vir alle NGOS-spesialiseringsrigtings)

- Aansoekgeld: R250,00
- Registrasie: R3 500,00 (Die eerste deposito is in Januarie 2025 betaalbaar.)
- Klasgeld: **± R48 360 (Die eerste deposito is ingesluit)**. In die geval van deeltydse studie is die bedrag oor ‘n periode van twee jaar betaalbaar ooreenkomstig die spesifieke modules wat in elk van die twee jaar geneem word.
- Handboeke: **±R7 000,00**

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

20 JAAR

# HOËR SERTIFIKAAT

Jou toegang tot graadstudie!

www.aros.ac.za • 012 333 3227 • info@aros.ac.za

# HOËR SERTIFIKAAT IN ONDERWYS

## Doel

Die Hoër Sertifikaat in Onderwys het ten doel om aan kandidate wat potensiaal toon maar nie aan die minimum-intreevlakvereistes vir Aros se BEd-programme voldoen nie, ‘n kans op sukses te bied. Die Hoër Sertifikaat in Onderwys dien gevolglik as ‘n oorbrugging na sekere van Aros se graadstudie.

Dit is belangrik dat aansoekers daarop let dat die Hoër Sertifikaat in Onderwys nie die uitreiking van ‘n SARO-nommer vir die doeleindes van ‘n onderwysassistentpos verseker nie. Ná afloop van die Hoër Sertifikaat in Onderwys moet die kandidaat vir ‘n BEd-program inskryf ten einde vir ‘n SARO-nommer te kan aansoek doen.

## Toelatingsvereistes

- Die minimum-intreevlakvereistes is ‘n Nasionale Senior Sertifikaat met Hoër Sertifikaat-toelating, ‘n Senior Sertifikaat of ‘n Nasionale Sertifikaat (beroepsgerig).
- Afrikaans Huistaal / Afrikaans EAT: 45%
- Engels Huistaal / Engels EAT: 45%

Voornemende studente wat tans in matriek is, ontvang voorlopige toelating op grond van die graad 11- finale rapport. Finale toelating word op grond van die matriekuitslae gegee wat in Januarie 2025 ontvang word. Indien die matriekuitslae aan die vereistes van BEd-studie voldoen, kan die kurrikulum nog in Januarie 2025 gewysig word.

## Modus van aanbieding

- Hierdie kurrikulum word deur middel van ‘n afstandsonderrigmodel aangebied, met ‘n hoë vlak van aanlyn ondersteuning.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Toetse en eksamens word deur die loop van die dag en vroegaand vanaf ‘n Maandag tot Saterdag aanlyn afgelê. Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.

## Kurrikuluminligting

- NKR-vlak: 5
- Krediete: 120
- Modules per jaar: +- 3 modules per kwartaal
- Studietydperk – Een jaar. Die maksimum toelaatbare tyd vir voltooiing van die Hoër Sertifikaat in Onderwys is twee jaar.

## Beraamde koste vir 2025

- Aansoekgeld: R250,00
- Registrasie: R3 500,00 (Die eerste deposito is in Januarie 2025 betaalbaar)
- Klasgeld: **± R41 240,00** (Die eerste deposito is ingesluit)
- Handboeke: **± R7 000,00**

## Deurgangsroete na BEd-studie by Aros

Vir toegang tot die volgende BEd-programme is addisionele toelatingsvereistes van toepassing:

| BEd-program | Verdere vereistes |
|---|---|
| • BEd in Grondslagfase | • Geen |
| • BEd in Intermediêre Fase: Wiskunde en Natuurwetenskappe | • 50% vir Wiskunde in matriek behaal |
| • BEd in Intermediêre Fase: Sosiale Wetenskappe en Lewensvaardighede | • Geen |
| • BEd in SF en VOO: Tale | • 60% in Afrikaans Huistaal / Eerste Addisionele Taal behaal en 60% in Engels Huistaal / Eerste Addisionele Taal in matriek |
| • BEd in SF en VOO: Ekonomiese Bestuurswetenskappe | • Geen |
| • BEd in SF en VOO: Wiskunde en Lewenswetenskappe | • 50% vir Wiskunde in matriek behaal |

| | |
|---|---|
| • BEd in SF en VOO: Wiskundige Geletterdheid en Lewenswetenskappe | • Geen |
| • BEd in SF en VOO: Verbruikerswetenskappe | • 40% vir Verbruikerstudie/ Gasvryheidstudie in matriek behaal |

Neem kennis dat daar vir sekere BEd programme ‘n aanbeveling is vir matriekvakke wat geslaag moet word, maar dat dit nie ‘n vereiste is nie. Raadpleeg die afsonderlike spesialiseringsrigtings vir meer inligting.

## Inligting rakende Universities South Africa (USAf)

Gestel dat u die Hoër Sertifikaat in Onderwys suksesvol voltooi het en u nie “baccalaureustoelating” op u matrieksertifikaat behaal het nie en u wel u graadstudie by Aros wil voortsit. In sodanige geval sal Aros vir u aansoek by Universities South Africa (USAf) vir “baccalaureustoelating” doen. Die onkoste hieraan verbonde is vir u eie rekening en wissel jaarliks volgens USAf se voorgeskrewe tariewe. Hierdie verandering van ‘n student se status met betrekking tot naskoolse studie berus by USAf.

Studente moet asseblief kennis neem dat beëdiging van dokumente (identiteitsdokumente en matrieksertifikate) vir USAf-doeleindes by ‘n notaris of toegelate prokureur gedoen moet word, anders word dit nie deur USAf aanvaar nie. Indien Aros dus nie korrek gesertifiseerde dokumente vir USAf-doeleindes ontvang het nie, sal Akademiese Administrasie u kontak oor wanneer daar by USAf aansoek gedoen moet word.

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

20 JAAR

BEdHons in Leerondersteuning

# HONNEURS

# BEDHONS IN LEERONDERSTEUNING

Die BEdHons in Leerondersteuning het ten doel om studente se teoretiese kennis in die leerondersteuningsveld te konsolideer en te verdiep ten einde leerders in laerskole (Grondslagfase en Intermediêre Fase) met diverse leerhindernisse doeltreffend te assesseer, ondersteun en bemagtig. Die program sal studente in staat stel om diverse en unieke leervermoëns en -uitdagings te identifiseer en dit binne die gees van inklusiewe onderwys te akkommodeer.

## Toelatingsvereistes

- ‘n Vierjaar- professionele onderwysgraad; OF
- ‘n Baccalaureusgraad en ‘n erkende professionele onderwyskwalifikasie; OF
- ‘n Vierjaar- professionele onderwyskwalifikasie, asook ‘n gevorderde diploma in ‘n verwante subveld van die onderwys; EN
- ‘n Motiveringsbrief indien die aansoeker nie in die Grondslag- of Intermediêre Fase gespesialiseer het nie.

Studente wat onmiddellik ná die suksesvolle voltooiing van ‘n BEd-graad of NGOS op NKR-vlak 7 met die BEdHons in Leerondersteuning wil voortgaan, moet ‘n minimumgemiddeld van 60% vir die BEd-graad of NGOS hê.

As alternatief moet studente oor die voorgeskrewe, voorvereiste kwalifikasie beskik en ten minste vyf (5) jaar se onderwyservaring hê. ‘n Bewys van die vereiste onderwyservaring moet deur middel van ‘n gestempelde briefhoof van die betrokke skool/skole verskaf word waarin die volgende inligting bevestig word:

- die aantal jare wat u voltyds by die betrokke skool werksaam is/was; en
- ’n aanduiding van die vakke wat u aanbied / aangebied het, byvoorbeeld Wiskunde vir graad 5-leerders.

Neem kennis dat honneursaansoeke vir hierdie spesifieke program vir die 2025-studiejaar op **2 April 2024** open en op **31 Augustus 2024** sluit.

Aangesien slegs ‘n beperkte aantal honneursstudente toegelaat word, sal die aansoeke aan ‘n keuringsproses onderwerp word, en studente sal teen einde September in kennis gestel word of die aansoek sukses was al dan nie.

## Modus van aanbieding

- Hierdie kurrikulum word deur middel van ‘n afstandsonderrigmodel aangebied, met ‘n hoë vlak van aanlyn ondersteuning.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Toetse en eksamens word vanaf ‘n Maandag tot ‘n Saterdag deur die loop van die dag asook vroegaand afgelê. Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.

## Kurrikuluminligting

- NKR-vlak: 8
- Krediete: 128
- Studietydperk: een jaar (voltyds); twee jaar (deeltyds)
- **Aanbeveling:** Aangesien voltydse studie ’n stewige lading modules en navorsing in elke kwartaal behels, word voornemende studente wat in ’n voltydse onderwyspos staan ten sterkste aangeraai om die program op ’n deeltydse basis te doen.

## Beraamde koste vir 2025

- Aansoekgeld: R250
- Registrasiegeld: R3 500 (Die eerste deposito is in Januarie 2025 betaalbaar)
- Klasgeld: **R48 300** (Die eerste deposito is ingesluit). *(In die geval van deeltydse studie is die bedrag oor ‘n periode van twee jaar betaalbaar ooreenkomstig die spesifieke modules wat in elk van die twee jaar geneem word.)*
- Handboeke: **+- R7 000**

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

20 JAAR

BEdHons in Onderwysbestuur en -leierskap

# HONNEURS

# BEDHONS IN ONDERWYSBESTUUR EN -LEIERSKAP

Navorsing het getoon dat onderwysleiers, in Suid-Afrika en internasionaal, voldoende vir die bestuurs- en leierskapsrol binne die sektor voorberei moet wees. Hoofde en ander persone wat bestuursrolle binne die onderwyssektor vervul, moet gevolglik met die nodige diepgaande kennis en vaardighede toegerus word. Die BEdHons (Onderwysbestuur en -leierskap) is daarom, benewens die navorsingsvaardighede waarop die kwalifikasie fokus, ook daarop gerig om voornemende en dienende onderwysbestuurders vanuit ‘n Christelike perspektief met die kennis en vaardighede toe te rus om doeltreffende onderwysbestuurders te wees.

## Toelatingsvereistes

Die minimumvereistes vir die BEdHons (Onderwysbestuur en -leierskap) is:

- ’n vierjaar- professionele onderwysgraad;  OF
- ’n toepaslike baccalaureusgraad en ’n erkende professionele onderwyskwalifikasie; OF
- ’n vierjaar- professionele onderwyskwalifikasie, asook ’n gevorderde diploma in ’n verwante subveld van die onderwys; EN
- ’n minimum- gemiddelde punt van 60% vir die bogenoemde voorvereiste verwerfde kwalifikasie; EN
- ten minste twee (2) jaar se klaskamerervaring / ervaring in die praktyk ná voltooiing van die voorvereiste kwalifikasie.

Indien ‘n voornemende student oor die voorvereiste kwalifikasie beskik, maar nie ‘n minimum- gemiddelde punt van 60% vir hierdie kwalifikasie behaal het nie, kan hy/sy steeds aansoek doen. Die voorwaarde is wel dat hy/sy ten minste vyf (5) jaar se klaskamerervaring / ervaring in die praktyk ná voltooiing van die voorvereiste kwalifikasie opgedoen het.

Toelating van studente vind plaas na goeddunke van die Toelatingskomitee om te verseker dat voornemende studente oor die nodige akademiese vermoëns beskik wat vir ’n NKR-vlak 8-kwalifikasie vereis word.

Neem kennis dat honneursaansoeke vir hierdie spesifieke program vir die 2025-studiejaar op **1 Augustus 2024** open en op **15 Oktober 2024** sluit. Aangesien slegs ’n beperkte aantal honneursstudente toegelaat word, sal die aansoeke aan ’n keuringsproses onderwerp word, en studente sal teen einde Oktober in kennis gestel word of die aansoek suksesvol was al dan nie.

## Modus van aanbieding

- Die modus van aanbieding is afstandsonderrig met addisionele ondersteuning aan studente deur middel van interaktiewe aanlyn sessies of werkswinkels.
- Toetse en eksamens word deur die loop van die dag vanaf ’n Maandag tot ’n Saterdag aanlyn afgelê. Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.

## Kurrikuluminligting

- NKR-vlak: 8
- Krediete: 122
- Minimumtydperk: een jaar: voltyds / twee jaar: deeltyds
- **Aanbeveling:** Aangesien voltydse studie ’n stewige lading modules en navorsing in elke kwartaal behels, word voornemende studente wat in ’n voltydse onderwyspos staan ten sterkste aangeraai om die program op ’n deeltydse basis te doen.

## Beraamde koste vir 2025

- Aansoekgeld: R250
- Registrasiegeld: R3 500 (Die eerste deposito is in Januarie 2025 betaalbaar.)
- Klasgeld: **R51 500** (Die eerste deposito is ingesluit.) *(In die geval van deeltydse studie is die bedrag oor ‘n periode van twee jaar betaalbaar ooreenkomstig die spesifieke modules wat in elk van die twee jaar geneem word.)*
- Handboeke: **+- R7 000**

Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES
20 JAAR

# Dis ‘n fees om ‘n ARRIE te wees!

**Kontak ons gerus vir enige navrae.**

www.aros.ac.za info@aros.ac.za 012 332 3227